Dieper wandel 5. 29/1/23

Die Aard en Karakter van God, ons Skepper. – Elizabeth Jordaan

God se bedoeling met die skepping was altyd om 'n verhouding met mense te hê.

- "Hy het ons vooraf verordineer (ons bestem, in liefde vir ons beplan) om aangeneem (geopenbaar) te word as Sy eie kinders deur Jesus Christus, in ooreenstemming met die doel van Sy wil [omdat dit Hom behaag het en Sy liefdevolle bedoeling was]" (Ef.1:5 AMP)
- God het die wêreld liefgehad (Joh.3:16)
- God het Sy liefde vir ons bewys toe ons nog sondaars was (Rom.5:8)
- God is ryk in barmhartigheid en groot liefde (Ef.2:4)
- God het Sy liefde vir ons geopenbaar deur Sy Seun te stuur (1Joh.4:9)

God het mense lief en Hy wil hê mense moet Hom liefhê.

Vir hierdie liefdesverhouding het God mense na Sy beeld en gelykenis geskep en aan hulle die aarde as hul tuiste gegee (Ps.115:16). Die Tuin van Eden was die middelpunt van daardie tuiste, 'n plek waar hemel en aarde ontmoet het, waar God met Adam ontmoet het. Die liefdevolle sorg en spesiale aandag toe God Adam se liggaam uit die klei van die aarde gevorm het, en die asem van lewe in Adam se neus geblaas het, getuig van die groot liefde in Sy hart vir hierdie spesiale skepsel, die een wat Sy beeld en gelykenis sou dra. Geen ander geskape wese in die hemel of op aarde is na die beeld en gelykenis van God gemaak nie. Geen engel of dier het hierdie voorreg gehad nie. Die sorg waarmee God vir Adam 'n tuiste in die Tuin voorberei het, getuig ook van Sy liefde.

God het ook sy liefde vir Adam uitgespreek deur hom te 'n naam te gee (Gen.5:2, veral KJV). Om iemand 'n naam te gee, dui op die tipe verhouding wat 'n mens met daardie persoon het. Dit druk eienaarskap, waarde, betekenis en die doel van 'n verhouding uit, en openbaar ook dat die persoon aan jou behoort.

- "...Ek het jou op jou naam geroep; Jy is myne." (Jes.43:1)

Adam se naam beteken "rooi aarde", 'n gepaste beskrywing van Adam en wat aandui dat hy 'n aardse liggaam gehad het, nie 'n hemelse een soos die engele nie. Sy liggaam was gemaak van rooi klei "vanuit die aarde". Die rooi klei wat God vir Adam se liggaam gebruik het, was ryk aan yster. Hierdie ysterryke grond is 'n groot komponent van die aardkors. Die wonderlike ding is dat ons liggame twee ysterryke proteïene het waarsonder ons nie kan lewe nie. Hemoglobien in ons rooibloedselle dra suurstof na ons selle, en mioglobien, 'n proteïen in ons spiere en hart, verskaf suurstof sodat ons liggaam kan beweeg en funksioneer, en ons harte bloed kan pomp. Die rooi kleur van ons bloed en spiere wys dat ons dieselfde liggame as Adam het, en dat God ons aardse liggame gemaak het met die vermoë om te lewe.

- "Want U het my niere (binneste) gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is U werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien…" (Psalm 139:13-16)

Die Hebreeuse woord vir God is Elohim, die meervoud van Eloah. Dit beteken "die Magtige" of "die Allerhoogste" en verwys na God se krag en gesag as Skepper van die hemele en die aarde.

- "Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie," (Rom.1:20)

Adam het God as Elohim geken, net soos al die mense wat voor die Vloed en daarna geleef het. Dit was eers heelwat later dat God meer van Homself aan Abraham en Moses geopenbaar het.

God het Adam as die heerser van die aarde aangestel (Gen.1:26,28), en hom geseën om sy taak te vervul:

- Wees vrugbaar.
- Vermenigvuldig.
- Vul die aarde.
- Onderwerp die aarde.
- Heers oor al die visse, die voëls en diere.
- Eet enige saaddraende plant of vrugte.
- Maar...moenie van die vrugte van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sal jy sterf.
- Bewerk en bewaar die tuin.

Adam het sy taak aangepak. God het al die diere na Adam toe gebring om te sien hoe hy dit sal noem. Adam het elke dier 'n naam gegee, en daardie eenvoudige daad het hom as hul meester en heerser gevestig. En watter naam Adam ook al die diere gegee het, dit was hulle naam. Adam het egter nie vir homself 'n aardse metgesel gevind nie. God het Adam se eensaamheid raakgesien, Adam aan die slaap gemaak en 'n operasie op hom uitgevoer. God het 'n ribbebeen uit Adam se sy geneem en 'n vroulike Adam gebou wat Hy na Adam gebring het toe hy wakker word. Adam was bekoor deur hierdie nuwe skepsel wat presies soos hy gelyk het, en hy het haar dadelik – vrou (mannin) – genoem, want, het hy gesê, sy is uit die mens geneem, en sy is been van my gebeente en vlees van my vlees. Daar was 'n diepgaande verborgenheid in hierdie daad van God, 'n verborgenheid so diep dat dit die dood van die Seun van God sou verg om dit te openbaar.

God se liefde vir Adam was elke dag sigbaar wanneer God met hom in die Tuin ontmoet het (Gen.3:8). Beide Job en Dawid het dit so mooi beskryf:

- “Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra, dat U hom elke dag besoek, hom van oomblik tot oomblik op die proef stel?” (Job 7:17-18)
- “Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” (Psalm 8:5)

Maar die diepste dieptes van God se liefde is geopenbaar op daardie aaklige dag in die Tuin, toe God opdaag vir sy daaglikse gemeenskap met Adam, en Adam was nie daar om Hom te ontmoet nie. God se pyn gevulde uitroep weerklink steeds deur die eeue:

- “Toe roep die HERE God na Adam en sê vir hom: “Waar is jy?” (Gen.3:9)

Ons as mense kan nie die innige liefde wat God vir mense het en sy diepe verlange na gemeenskap met ons begryp nie. Die Bybel is vol van God se gedagtes oor mense. Hy het sy hart op ons gesit! Hy wag elke dag dat ons gemeenskap met Hom moet hê. Hy het dit makliker gemaak deur vir ons Sy Seun en Sy Heilige Gees te gee. Die enigste ding wat ons moet doen, is om op te daag vir die ontmoeting. Is dit te veel gevra dat jy gereeld tyd opsy sit om net saam met Hom, vir Hom, oor Hom deur te bring, nie oor jou behoeftes, jou besigheid, jou bediening of selfs jou werk nie? Kom ons doen dit nou.

GEBED: Vader, Here Jesus, Heilige Gees, Elohim, Skepper van hemel en aarde, my Skepper. Hier is ek. Ek het U lief. My hart behoort aan U. Dit is my begeerte om U waarlik te ken. Ontmoet my nou.